Ges. 22:2
" 9:1
" 86:3 (wysie Ps. 66)

## Die Eerste Bede: U Naam! K/Ark. 11 Febr. '62

Joh. 17:1-8

Matt. 6:9 — Laat u Naam geheilig word.

Toe ek 'n seun was was daar saam met my 2 skoliere van wie een altyd skoor gesoek het, altyd die ander een uitgetart het. Laasgenoemde het egter kalm en rustig gebly en hom nie in enige geveg laat intrek nie tot op 'n goeie dag Nr. 1 begin het om die vader van No. 2 te bespot. Toe hy dit die 2e maal weer doen was die gort gaar. Met 'n enkele: „Jy los my pa uit hoor!" het hy Nr. 2 'n afgedankste loesing besorg — die stille vreedsame outjie wat geen vlieg sou seermaak nie! Later het ek verstaan — gedagtig hieraan — dat dit iemand hier gegaan het om die naam, die eer, die glorie van sy vader!

In die eerste bede is dit presies so: dit gaan ~~[illegible]~~ hier om die Naam van God, ons Vader. Voor ons dus die bede kan bid moet ons dus eers weet: Wat beteken die Naam van God en die heiliging daarvan? Dan eers kan ons vra: Kan en wil ons dit bid?

I Die Heiliging v.d. Naam van God: Wat beteken dit? Laat ons heel voor begin by die Naam van God deur te sê: God het 'n naam — Hy is nie naamloos nie en wil nie sonder naam wees nie. Die duiwel, ja, hou daarvan om anoniem te bly, sonder naam, maar nie God nie. En God hou ook nie van 'n valse naam nie — Hy wil dat sy naam die volle en suiwere weergawe sal wees van sy Wese, sy Persoon. Sy naam is sy Seël, sy Handtekening, Hyself! Daar het God Homself 'n naam gegee — hoe moeilik dit ookal vir God was om in ons mensl. taal Homself te

omskryf. Want hoe kan mensetaal God uitteek?

Dan is die Naam van God gelyk aan sy Wese, sy ware Self: Dit wie leer ons Hom ken soos Hy is. God wil nie naamloos wees nie.

En nou vra Christus dat ons moet bid dat die Naam van God geheilig moet word. Wat presies bedoel Hy daarmee? Ons Kerkvaders v.d. Hervorming het hulle antwoord so gegee (ingewikkeld en opeengedruk maar pragtig volledig en inhoudsryk):

„Gee ons eerstelik dat ons U reg ken en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys; dan ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar ge-eer en geprys word."

Dis onmoontlik om in een of twee aande die wonderlike ryk inhoud van die bede te behandel. Maar ek wil probeer om so eenvoudig soos die gebed self te antwoord op die vr.: Hoe heilig ek Gods Naam?

(I) God se naam is klaar heilig dws. God hoef nie nog iets by te voeg om sy naam geheilig te kry of volmaak te maak nie. God is die enig ware heilige — soos Hy sy volk reeds wou leer in die 1e Gebod: „Ek die Here julle God is 'n enige Here". In die hemel weet almal dit — maar nie op aarde nie. In d. hemel sing die skares: „Heilig, heilig, heilig is die Here v.d. leërskares! Die ganse aarde is van sy heerlikheid vol." Maar op aarde is dit nie so nie. Dan moes God sy Naam op aarde bekend maak. En dit het Hy op verskillende maniere gedoen.

a) Deur sy skepping: die wonder en rykdom en veelv. verskeidenheid v.d. natuur. Dink maar net aan elke ontdekking of die vrug van elke navorsing i.d. natuur waarin iets v.d. grootsheid en die wonder, d. ondeurgrondelikheid v God tot ons openbaar word!

b) Deur sy Woord: Maar God het geweet dat ons sy Naam nooit sou heilig net deur sy Skepping nie. Dan het Hy ons sy Woord gegee, d. Bybel, waarin ons God nou leer ken. Deur sy Woord het God sy Naam onder ons ingedra, sy Handtekening aan ons oorhandig, sy Noot met sy afbeelding daarop onder d. mense in sirkulasie gebring. Watter geweldige waagstuk was dit nie! Dink, God geweet het: duisende & duisende gaan dit uitbuit en misbruik!

c) Deur sy Seun: En toe God gesien het dat d. mens ook dit nie kon regkry nie, het Hy sy Seun gestuur om ons te leer wie God is, wat Hy is, wat Hy met ons wil. Dan sê Xtus ook in die hoëpr. gebed van Joh. 17: „Ek het u Naam aan hulle geopenbaar" dws: Ek het gesoek, o, Vader, om hulle te leer om u Naam bo alles te soek, te verstaan, te eerbiedig, te loof!"

Dan ook het God Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is (Fil 2:9)

II Die Gebed om heiliging v. Gods Naam: Laat ons nou bietjie nader toekom en vra: Het ons God hierin gehoorsaam? Moet ons nie vanaand dadelik bely en sê: Here, dis juis ons moeilikheid, ons nood, ons armoede, ons ellende: Die wêreld ken U nie, die mens het U verloor, verstoot, verag, verwerp. U grootheid word nie erken, gesoek en bevorder nie. Ander name, mensl. groothede, trek baie meer aandag as Gods Naam. Ons sien dit oral: die wêreld verag U, die wêreld ontwyk U, die wêreld ignoreer God, die wêreld bespot God.

die wêreld gaan by Gods Naam verby! Op so baie subtiele maniere word God net uitgeskakel uit ons denke en ons dade!

Ook die Kerk is hieraan skuldig. Want hoewel die Xten en die Kerk oënskynlik die Naam v God heilig weet ons hoe baie keer en op hoeveel terreine ons Gods Naam aantas, sy Eer krenk, en sy Persoon verneder: in ons werk, in ons huwelik, in ons besigheid, in ons politiek, in ons gebed, in ons traagheid om sy wil te doen. O, hoeveel talle male ...

En dan kom Xtus en Hy bind dit ons op d. hart om te bid: Laat u Naam geheilig word. En weet u wat ons sê as ons dit bid? Ons sê: „Vader, dit gryp ons in d. hart, dit smart en grief ons dat u Naam beklad, belaster, verdraai, verontreg word. Ons treur daaroor. Vader, laat dit tog ophou!

Laat dit ophou, Vader, deurdat u by my begin: dat ek u beter sal leer ken, dat ek u Seun beter leer ken, dat ek u meer liefhê, dat ek u meer heelhartig dien. Vader laat ek nie my „naam soek, my eer, my grootheid — heilig U Naam!

Maar as ons dit bid dan bid ons nog meer: „Vader, kom tog weer terug en neem u regmatige plek in in die wêreld. Laat die wêreld u leer ken soos u is, u leer eerbiedig en vrees en volg en gehoorsaam. Laat die kerk leer om baie meer u Eer te soek en u Naam te verheerlik!